**Om die Nguni-vure.**

Myra Scheepers. Pretoria: Protea Boekhuis. 2012. 198 pp. ISBN: 978-1-86919-581-6.
DOI: http://dx.doi.org/10.4314/tvl.v51i1.26

*Om die Nguni-vure* is die produk van Myra Scheepers se skrywerskind, Riana Scheepers, se opdrag aan haar: "Skryf vir my 'n Zulusprokie". Die titel van die verhaal suggereer al die verhale wat deur al die "Gogo's" (oumas) in KwaZulu-Natal om die vuur vertel word. Daar word ook spesifiek na Gogo Juwana Mtha Mhlungu, as storieverteller verwys omdat sy maer en-, verkrimp is, en lang pinkienaels en skerp oë het wat alles sien. Die verhale bestaan uit dierlike en niedierlike karakters wat die kinders en grootmense bang maak en opvreet. Die rede vir die optekening van die verhaal word onder *Foreword* eksplisiet vermeld:

> This anthology of story treasures may be lost to posterity if not recorded. That they are told in Afrikaans proves that stories are magic and not owned by one nation, they transcend over cultural borders to delight and entertain, but also to educate. The purpose is to preserve the beautiful Zulu culture and proverbs for future generations.

Die verhale uit die verre verlede weerklink steeds in die hede: In die derde verhaal "Kook, Pol, Kook" is daar byvoorbeeld gebeurtenisse wat steeds relevant is vir die hede, want ons hoor/lees gereeld deesdae van mense, dikwels kinders wat net verdwyn of weggaan en nooit weer gesien word of terugkom nie: "Haar enigste dogter het verdwyn. Waarheen weet niemand nie. Sy het net eendag weggegaan en nooit weer teruggekom nie" (34).

Daar is tans ook gereeld berigte van oumas wat getrou vir hulle kleinkinders sorg, net soos dit in die verhale gebeur: "Getrou het die Gogo die lekkerste kos vir hulle gaargemaak. Sy het gesorg dat hulle (verlate kindertjies), altyd warm aangetrek en gelukkig is" (34); "Man gaan dood en die vrou belowe dat sy die kinders met waardighede sal grootmaak en met haar eie lewe hulle sal beskerm" (38); "Die seuntjie niemand het geweet waar sy mama en baba was nie. Gogo het haar eie tieties vir hom gegee en hy het gesuig totdat melk uitgekom het" (190). Toe hy groot was, was hy nie gehoorsaam nie.

Die menslike en niemenslike karakters word op veskillende maniere geskets, soms ook by herhaling, byvoorbeeld: die klein gediertetjies en "Chakijana", 'n soort geel muishondjie met klein, sluwe oë. Dan is daar ook Mzimu/Izimu/Zimuzimu/Amazimu, die gevreesde mensvreter wat soos 'n bobbejaan lyk met, lang toutjieshare waarin die luise krioel, sy asem stink soos vrot vleis en sy tande is geel en skerp. Sy hand is groot en grof. Sy naels lank en krom en vol swart bloed. Hy bly in 'n grot binne die groot donker rots. Verder is daar ook sprake van Kanjololo, Groot Sangoma, Bobaas veewagter, wapendraer vir die grotes – benamings wat na dieselfde figuur verwys.

Daar gebeur ook onmoontlikhede in die verhaal soos byvoorbeeld: "Zimuzimu moet die groot vuur maak en die yster daarin rooiwam maak. Druk dit diep in sy keel en draai en draai dit. Die stem sal soet wees" (43). Die rooiwarm yster sal die teenoorgestelde van die bogenoemde bewerkstelling, naamlik 'n mens doodbrand.

Die herhaling van Gogo se spoegaksie en die betekenis daarvan dui die sterk teenwoordigheid van mites in die gemeenskap aan soos byvoorbeeld: "Gogo spoeg in die vuur, krap die koue assies aan die kant uit en vryf dit oor die kort kroonhaartjies van die drie vet klein dogtertjies wat by haar voet sit" (55). Waarom? Dit moet keer dat die gees van drome en van jaloesie nie gedurende die nag in hul koppe kan inklim nie.

Verder lees 'n mens: "Gogo spoeg in die vuur as en die kroonhaartjies word hard getrek terwyl sy die as op die sagte plekkie op

hulle koppe invryf" (64). Waarom? Die glibberige en skelm gees van Chakijana sal hulle nie vat nie. Hulle sal lekker slaap en nie droom nie.

En dan: "Gogo spoeg vanaand twee dik bolle skuim die vuur in. Hulle hardloop weg" (77). Gogo spoeg 'n silwer boog in die vuur. Sy neem as en laat die kinders in 'n ry voor haar verbyloop. Sy gryp elkeen …" (113). Waarom? Sodat die skelm Geelmuishond se streke nie tot hul gedagtes mag toegang kry nie. Gogo wat spoeg in die vuur word verder ook op bladsye 133, 156 en 178 herhaal. Verskillende redes word ook aan die einde verskaf. Die eindpunt is die bevestiging van bangmaakstories en die spoegaksies bied 'n beswering van die probleem.

Die beste verhaal is myns insiens "Varkie en die eende" waarin 'n rede gegee word hoekom die vark se snoet so plat en rond is: "Die varkie het 'n plat ronde snoet waarmee hy skoffel en die grond omkeer en soek en soek na sy meisie wat hy eens gehad het" (166). Die eindparagraaf van die boek ("Solank as wat daar kinders om die vuur sit en ek kan vertel, sal my stories nooit klaar raak nie", 198) bied aan die leser insig in die wonderwerk van hoe stories tot stand kom.

Minnie Postma se heelwat ouer oorvertellings in die boek *As die maan oor die lug loop* (1986) van Sotho-verhale bestaan ook uit die ouma wat stories aan haar kleinkinders vertel. Sy teken presies op wat sy by haar vertellers hoor en dit gee aan haar oorvetellings die waarmerk van egte volksheid. Oral word die diere vermenslik. Hulle loop op hul agterpote rond en doen alles wat mense doen. Daar is raakpunte tussen *Om die Nguni-vure* en *As die maan oor die lug loop* waar Ledimo die groot mensvreter die mense teister. Die Kgodumodumo, die gevaarlike dier, het mense en die diere ingesluk net soos Amazimu, die gevreesde mensvreter.

*Om die Nguni-vure* bied 'n interessante leeservaring, maar moet liefs nie saans vir kinders voorgelees word nie. Die verhale gee gereeld raad aan kinders om na hulle ouers te luister.

Verhaal 22 "Wag vir my, Vinqo" (189), is verkeerd genommer. Dit moet 23 wees, want die vorige verhaal "Die waterkoningin" (179), is ook as 22 genommer.

*Suzan Thembekwayo*
suzan.thembekwayo@up.ac.za
Universiteit van Pretoria
Pretoria